higher education & training

Department:
Higher Education and Training
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

NASIONALE SERTIFIKAAT (BEROEPSGERIG)

MENSLIKE EN SOSIALE ONTWIKKELING
NKR VLAK 4

(5050104)

1 Maart 2018 (X-Vraestel)
9:00–12:00

Hierdie vraestel bestaan uit 10 bladsye.

Kopiereg voorbehou

TYD: 3 UUR
PUNTE: 200

INSTRUKSIES EN INLIGTING

1. Beantwoord AL die vrae.
2. Lees AL die vrae aandagtig deur.
3. Nommer die antwoorde volgens die nommeringstelsel wat in hierdie vraestel gebruik word.
4. Skryf netjies en leesbaar.

NC1510

AFDELING A

VRAAG 1

Gee EEN woord of term vir elk van die volgende beskrywings. Skryf slegs die woord of term langs die vraagnommer (1.1–1.15) in die ANTWOORDBOEK neer.

evaluering; emotiewe taal; sensoriese modaliteit; Graad 12; oordrywing; fundamenteel; argument; geakkrediteer; remediërend; Handves van Regte; kennis; moraliteit; NKR; gemeenskap; veralgemening; diagnosties; etologies; voorgeboorte; kern; Graad 10.

1.1 Die eerste vlak van Bloom se taksonomie in die ontwikkeling domein.

1.2 'n Taal wat kleurvol is en mense dwing om emosies te ervaar.

1.3 'n Stelsel wat verseker dat alle kwalifikasies van alle onderwysinstellings in Suid-Afrika dieselfde standaard handhaaf.

1.4 Word amptelik erken as geldig en aan sekere standaarde en kriteria voldoen.

1.5 Om iets meer te laat lyk as wat dit is.

1.6 Die tyd wat 'n baba in die moeder se baarmoeder is voor hy/sy gebore word.

1.7 'n ‘Ware’ stelling van al die lede van 'n groep.

1.8 … handel oor reg en verkeerd.

1.9 Die redes wat genoem word om iets te ondersteun of teenkanting daarteen.

1.10 Smaak, aanraking, reuk, sig en gehoor.

1.11 Assessering wat gebruik word om leerprobleme te vind en aan te pak.

1.12 'n Verenigde liggaam van individue.

1.13 Is 'n oplossing of regstelling vir 'n spesifieke probleem.

1.14 Die laagste vlak of die minimum wat nodig is om 'n basis vir iets anders te vorm.

1.15 Die skoolgraad wat gelyk is aan NKR Vlak 4.

(15 × 1) **[15]**

VRAAG 2

Dui aan of die volgende stellings WAAR of ONWAAR is. Kies die antwoord en skryf slegs 'waar' of 'onwaar' langs die vraagnommer (2.1–2.10) in die ANTWOORDBOEK neer.

2.1 Kritieke denke is om diep oor probleme na te dink en hoe om dit op te los.

2.2 David Werner se ‘Maar Waarom?’ metode is ook bekend as ‘die ketting van oorsake’.

2.3 Oordrywing is 'n stelling wat nie 'n antwoord benodig nie.

2.4 Babas gebruik hulle reuksin om hulle moeder se bors tussen dié van ander moeders te onderskei.

2.5 Volgens Gilligan ontwikkel seuns en dogter moraliteit op dieselfde manier.

2.6 Die SWOT-ontleding is deur Kohlberg ontwikkel.

2.7 UGO ondersteun studente om lewenslange leerders te word.

2.8 Verkose leer is die leer wat die basis vorm wat nodig is om 'n kwalifikasie te behaal.

2.9 SAQA beteken die Wet op Suidelike Akademiese Gehalte.

2.10 Witskrif 6 fokus op Vroeë Kinderonderwys.

(10 × 1) **[10]**

VRAAG 3

Verskeie opsies word as moontlike antwoorde op die volgende vrae gegee. Kies die antwoord en skryf slegs die letter (A–D) langs die vraagnommer (3.1–3.10) in die ANTWOORDBOEK neer.

3.1 Die beleid wat handel oor Inklusiewe Onderwys:

A Witskrif 5
B Witskrif 6
C Witskrif 3
D Witskrif 1

3.2 … assessering is die monitering van die prestasie van die algehele onderwysstelsel.

A Basislyn
B Summatiewe
C Formatiewe
D Stelselmatig

3.3 'n Stel oortuigings wat mense se gedrag lei wat dit deel:

A Norms
B Waarde
C Kultuur
D Tradisies

3.4 Fowler het die teorie van … ontwikkeling ontwikkel.

A psigo-emosionele
B morele
C geestelike
D sosio-affektiewe

3.5 … babas toon aggressie teenoor hulle moeders, maar wil terselfdertyd naby hulle wees.

A Ambivalente
B Gehegte
C Vermydende
D Affektiewe

3.6 … het geglo dat kinders in staat is om sekere dinge op 'n spesifieke ouderdom te doen.

A Piaget
B Vygotsky
C Gilligan
D Kohlberg

3.7 Kritieke uitkoms noem die … wat leerders moet verkry terwyl hulle 'n studiekursus loop.

A kennis
B houding
C vaardighede
D reëls

3.8 'n Voorbeeld van 'n gemeenskapsnetwerk:

A Buurtwag
B Brandweer
C Polisiestasie
D Verkeersafdeling

3.9 Die proses van kritieke denke behels die volgende vyf stappe:

A Onthou, identifiseer, begryp, redeneer en kommunikeer.
B Identifiseer, ontleed, begryp, evalueer en kommunikeer.
C Redeneer, lewer bewyse, navorsing, veralgemening en begrip.
D Besin, veralgemeen, kommunikeer, aanvaar en redeneer.

Kopiereg voorbehou

3.10 'n Vak wat jy kan kies om 'n spesifieke kwalifikasie te voltooi:

A Keur
B Kern
C Fundamentele
D Verpligtende

(10 × 1) **[10]**

VRAAG 4

Die NKR is 'n raamwerk waarop standaarde en kwalifikasies, ooreengekom deur onderwys en opleiding belanghebbendes deur die land, geregistreer word.

4.1 Skryf die akroniem NKR volledig uit. (1)

4.2 4.2.1 Hoeveel bande is daar op die NKR raamwerk? (1)

4.2.2 Noem TWEE van die bande op die NKR raamwerk. (2)

4.3 Noem die kwaliteitsraam wat gehalte van NSB opleiding by TBOO kolleges monitor. (1)
[5]

TOTAAL AFDELING A: 40

AFDELING B

VRAAG 5

5.1 Vrae is 'n belangrike deel van leer. Paulo Freire het die Vier Oop Vrae metode ontwikkel wat onder vier verskillende opskrifte: waarneming, ontleding, voorspelling en suggereer gegroepeer kan word.

Identifiseer die opskrif vir elk van die volgende vrae. Skryf slegs die opskrif langs die vraagnommer (5.1.1–5.1.5).

5.1.1 Wat het jy by die winkelsentrum gesien?

5.1.2 Wat sal die volgende keer gebeur as ek nie studeer nie?

5.1.3 Hoe kan ek gebruik wat ek geleer het om ander studente te lei?

5.1.4 Wat is die uitwerking van my swak gedrag?

5.1.5 Wat kon ek anders gedoen het om my bestuurslisensietoets te slaag?

(5 × 1) (5)

5.2 Inligting is oral, maar nie alle inligting is relevant en betroubaar nie. Onderwysers moet leerders aanmoedig om die beskikbare inligting te bevraagteken.

5.2.1 Noem TWEE tipes vrae wat 'n mens kan gebruik wanneer inligting nodig is. (2)

5.2.2 Verduidelik elke tipe vraag wat in VRAAG 5.2.1 genoem word. (4)

5.2.3 Gee EEN voorbeeld van elke tipe vraag wat in VRAAG 5.2.1 genoem word. (2)

5.2.4 Stel DRIE redes voor waarom 'n onderwyser leerders moet aanmoedig om vrae te vra. (6)

5.2.5 Verduidelik wat 'n retoriese vraag is. (2)

5.2.6 Gee EEN voorbeeld van 'n retoriese vraag. (1)

5.3 Argument in 'n akademiese konteks is deel van kritieke denke.

5.3.1 Verduidelik kortliks wat bedoel word met *bied 'n beredeneerde argument aan*. (3)

5.3.2 Noem en verduidelik die struktuur van 'n beredeneerde argument. (14)

5.3.3 Watter verwysingstelsel word algemeen gebruik om die hulpbronne wat in 'n argument aan te teken? (1)

[40]

VRAAG 6

Lees die scenario's hier onder en beantwoord die vrae.

Scenario 1:
Intelligensiekwosiënt (IK) toetse bepaal hoe vinnig 'n individu 'n probleem op papier kan oplos. Mense met 'n hoë IK is geneig om anti-sosiaal en sosiaal ongemaklik te wees. 'n Standaard IK toets sal bestaan uit take wat die gebruik van verstandelike vermoëns en wisselende vlakke van moeilikheid behels.

Scenario 2:
EK is toenemend relevant vir organisasie-ontwikkeling en die ontwikkeling van mense, omdat die EK beginsels 'n nuwe manier bied om mense se gedrag, bestuurstyle, houdings, interpersoonlike vaardighede en potensiaal te begryp en beoordeel. EK is 'n belangrike oorweging in menslike hulpbronbeplanning, posprofilering, werwing, onderhoud en keuring, bestuursontwikkeling, kliënteverhoudinge en kliëntediens.

[Bron:*www.ukessays.com/essays/psychology/types-of-intelligence-emotional-and-intelligence-quotient-psychology-essay*]

6.1 Gee 'n beskrywing van elk van die volgende tipes intelligensie:

6.1.1 Intelligensiekwosiënt (2)

6.1.2 Sosiale kwosiënt (2)

6.1.3 Geestelike kwosiënt (2)

6.1.4 Bespreek die voordele van elk van die bogenoemde kwosiënte vir onderwysers en leerders. (3 × 2) (6)

6.2 Noem die VYF domeine van Emosionele Kwosiënt (EK) volgens Daniel Goleman. (5)

6.3 6.3.1 Na jou mening, is dit meer waardevol om 'n hoë IK of 'n hoë EK te hê? (1)

6.3.2 Staaf jou antwoord. (2)

6.4 Noem die TWEE intelligensies wat naby verwant is aan Emosionele Intelligensie volgens Howard Gardner. (2)

6.5 Uit die bogenoemde scenario's, identifiseer TWEE negatiewe tendense wat 'n persoon met 'n hoë IK kan vertoon. (2)

6.6 Stel VIER maniere voor waarop 'n opvoeder die ontwikkeling van EK tussen leerders kan bevorder. (4)

6.7

Vygotsky en Piaget was albei teoretici van ontwikkelingsontwikkeling. Hulle het teenstellende idees oor die kognisie van kinders.

Vergelyk Vygotsky en Piaget se teorieë oor ontwikkelingsontwikkeling. Tabuleer jou antwoord. (12)

[40]

VRAAG 7

7.1 Lees die scenario hier onder en beantwoord die vrae.

ONDERWYS IN SUID-AFRIKA: WAAR HET DIT VERKEERD GELOOP?

Suid-Afrika bestee 20 persent van sy begroting op onderwys en presteer power in internasionale vergelykings. Suid-Afrika se onderwysstelsel word algeheel 140 uit 144 lande geplaas. "Onderwys is net so goed soos jou onderwysers, en ons universiteite lewer nie kwaliteit onderwysers op nie, veral in Wiskunde en Wetenskap. Onderwysers het nie volledige inhoudkennis nie. Ons gaan skool toe en vind dat onderwysers net die dele van die kurrikulum onderrig waarmee hulle gemaklik is."

Die gereelde verandering van die kurrikulum kan een deel van die probleem wees. 'n Gebrek aan vaardighede, monitering en verantwoordbaarheid het gelei tot swak beleidimplementering en minderwaardige opleiding van onderwysers. Diegene wat dit kan bekostig, stuur hulle kinders toenemend na private skole.

[Bron*: www.ngopulse.org/article/education-south-africa-where-did-it-go-wrong*]

7.1.1 Dink jy dit was belangrik om die onderwysstelsel in Suid-Afrika ná 1994 te verander? (1)

7.1.2 Staaf jou antwoord. (3)

7.1.3 Noem EEN voorbeeld uit die scenario om te bewys dat die onderwysstelsel in Suid-Afrika verswak het. (1)

7.1.4 Volgens die scenario onderrig sommige onderwysers slegs daardie dele van die kurrikulum waarmee hulle gemaklik is.

Gee TWEE moontlike redes waarom dit gebeur. (4)

7.1.5 Watter finansiële implikasies het kurrikulumveranderings volgens jou op die land se ekonomie? (4)

7.1.6 Noem TWEE vakke wat veral deur ons verswakkende onderwysstelsel beïnvloed word. (2)

7.1.7 Watter oplossing implementeer ouers om kwaliteit onderwys vir hulle kinders te verseker? (1)

7.1.8 Die fokus kan nie slegs op die negatiewe punte van 'n onderwysstelsel wees nie.

Noem VYF voordele van Uitkomsgebaseerde Onderwys. (10)

7.1.9 Watter kurrikulum het die UGO kurrikulum sedertdien vervang? (1)

7.2 Witskrif 6 is bekendgestel as 'n amptelike beleid wat ná 1994 geïmplementeer is.

Noem VYF maniere waarop Witskrif 6 die reg tot onderwys soos verklaar word in die Grondwet ondersteun. (10)

7.3 Noem DRIE gehegtheidstyle wat deur Bowlby geïdentifiseer is. (3)
[40]

VRAAG 8

8.1 Noem VYF CCFOs wat by onderrig en leer geïnkorporeer moet word. (10)

8.2 Voltooi EEN van die volgende tabelle van Erikson se AGT stadiums van emosionele ontwikkeling. Skryf slegs die korrekte antwoord langs die vraagnommer (8.2.1–8.2.8) in die ANTWOORDBOEK neer. (Doen óf TABEL A óf TABEL B en dui aan watter tabel jy doen)

STADIUM	KONFLIK
Kleinkinderjare	8.2.1
8.2.2	Outonomie vs skaamte & twyfel
Voorskool	8.2.3
8.2.4	Bedryf vs minderwaardigheid
Jong volwassenheid	8.2.5
8.2.6	Ontwikkeling vs stagnering
Volwassenheid	8.2.7
8.2.8	Jy het jou lewe ten volle geleef vs 'n gevoel van wanhoop

TABEL A

OF

STADIUM	KONFLIK
Kleinkinderjare	8.2.1
8.2.2	Outonomie vs skaamte & twyfel
Voorskool	8.2.3
8.2.4	Bedryf vs minderwaardigheid
Jeug	8.2.5
8.2.6	Intimiteit en solidariteit vs isolasie
Middeljarige volwassenheid	8.2.7
8.2.8	Integriteit vs wanhoop (wysheid)

TABEL B

(8 × 1) (8)

8.3 Identifiseer VYF mylpale van 'n baba soos beskryf word deur die Wêreldgesondheidsorganisasie. (5)

8.4 Noem en verduidelik SES maniere waarop hindernisse tot leer oorkom kan word deur die RCNS kurrikulum. (12)

8.5 Bespreek die volgende TWEE tipes assessering:

8.5.1 Diagnostiese assessering

8.5.2 Stelselmatige assessering

(2 × 2) (4)

8.6 Noem EEN basiese reg van kinders soos uiteengesit in die Grondwet van Suid-Afrika. (1)

[40]

TOTAAL AFDELING B: 160
GROOTTOTAAL: 200

Kopiereg voorbehou